**12 April** **Skrifgedeelte: Matteus 27:32-44**
**Fokusgedeelte: Matteus 27:38**

## By misdadigers gereken

Toe Jesus gekruisig is, is daar twee rowers saam met Hom gekruisig, een aan elke kant (Luk 23:33). Bokant sy kop was die aanklag waarop Hy "skuldig" bevind is. Wat 'n skreiende onreg! Daar sit egter 'n wonderlike simboliek in. Hy is juis as 'n misdadiger beskou, omdat Hy die sondes van baie op Hom geneem het (Jes 53:9, 12). Albei die rowers het Hom aanvanklik gespot. Lukas vertel egter dat een van hierdie rowers tot bekering gekom het. Die genade van Christus het op die laaste nippertjie heerlik deurgebreek (Luk 23:40-43). Die laaste wat ons van die ander rower hoor is sy gespot. Ontsettend! (Vgl. Eseg 33:7-9; Heb 10:26-31.) Hy was so naby, maar tog so oneindig vér van die genadige Verlosser! Christus bring skeiding tussen mense – gered of verlore (2 Kor 2:14-16).

As jy met jou mond bely en met jou hart glo (Rom 10:10, 11), deel jy in die wonderlike genade.

*Sing: Skrifberyming5-2:3, 6* *Ds. APC Duvenage (Emeritus)*